Die skrywer se astrante opmerking op bl. 13 in verband met sy verkoopset kan ons gevoeglik daar laat. Dit is so 'n tikkie tergery, en buitendien lê dit stilisties heeltemal in lyn met die kommentaar wat die skrywer hom kragtens die hele opset van sy boek deurgaans kan veroorloog. En nou is dit moeilik om vas te stel wie presies hierdie opmerking maak. Is dit André Brink self, of is dit die skrywer as hooffiguur in die boek, die denkbeeldige 39-jarige skrywer?

Die passasie wat spesiaal in paragraaf 6 van die klag genoem word (bl. 97), is vir my gevoel week, sentimenteel (weer met die ewige verkleinwoordjies) maar tog nie blatant of swoel of kwetsend nie. Om die waarheid te sê, die skrywer tel sy woorde hier versigtiger as elders. En oor hierdie bladsy heen lê daar, soos trouens oor die hele boek, 'n soort weemoed en verganklikheidsbesef wat seer sekerlik nie op prikkeling gemik is nie.

Die mees problematiese stuk is vir my gevoel bl. 37-8. Die beskrywing op bl. 38 is nogal sensueel in die oproep van die moontlikhede van die verhouding. Maar ook dié passasie is nie uitdagend blatant nie; dit besit 'n sekere gevoeligheid, teerheid selfs; in elk geval is dit geen verbanalisering van die seksuele nie. As ons so 'n passasie verban, moet ons sê dat geen verwysing na die seksuele verhouding tussen man en vrou in die roman-kuns aanvaarbaar is nie! Ernstiger is die Bybelse verwysing met kommentaar op bl. 37. Maar ons moet daarop let dat die „woord"

wat „alles bederf" met 'n klein letter begin. Dit slaan dus nie op die „Woord" wat in die begin was nie, maar blykbaar op die woord wat wet en reël geword het en dus tot oortreding en sonde gelei het. Of 'n klag hierop staande kan bly, betwyfel ek ten seerste. Dit kom my voor as 'n enkele, miskien onbesonne, slimheidjie wat hoegenaam geen deel vorm van 'n bewuste strewe om godsdienstige gevoelens te kwets nie.

Dit lyk my dus of daar nie werklik gronde vir verbanning bestaan nie.

SAMEVATTEND:

1. Die boek is nie groot of belangrik of foutloos nie.
2. Tog is hy ook nie sonder innovasies en moontlikhede nie.
3. Die verhouding tussen die man en die meisie het sy intieme momente, maar dit woord nooit werklik swoel of aanstootlik nie omdat die skrywer op dié betrokke plekke heel ingetoë en kies te werk gaan.
4. Dit is my oortuiging dat die boek nie met die oog op prikkeling geskryf is nie. In daardie geval sou hy sy stof veel sterker seksueel kon uitbuit. Die boek slaag miskien nie, maar die strewe is duidelik aanwesig om aan die verhouding man-vrou 'n wyer, universeler implikasie te gee. Goed, hierdie twee mense is nie wettig getroud nie, Maar hoe sou jy die vlugtige en vervlugtigende aard van so 'n verhouding kon uitbeeld in die geval van 'n getroude paar? Met 'n egskeiding en al die bitterheid wat soms daarmee gepaard gaan? Sou dit op sigself die boek meer aanvaarbaar kon maak?
5. Wat betref die voorskryf, dis vir my 'n ongegronde vrees. In ons skole sal die boek nie inkom nie. Dis duidelik nie 'n boek vir kinders nie (wat nie wil sê dat die rypere jeug of volwassenes dit nie mag lees nie). Onderstudente sal die boek m.i. nie kwaad kan stig nie.
6. Ten slotte: Die boek is al 'n jaar oud. Om nou met 'n saak teen hom te begin, sal net beteken dat ons publisiteit gee aan 'n werk wat feitlik vergete is en nooit werklik groot opspraak verwek het nie.

Get. A.P. Grové.

52/68. MISKIEN NOOIT - André P. Brink.

Ek dink nie die Raad hoef hom te veel aan ds. de Beer se gedetailleerde verslag te steur nie, hoewel hy sy dank vir die moeite wat die rapport gekos het, mag betuig. Die Raad moet op sy eie gronde sy besluite neem.

Ek meen die boek kan nie deurgelaat word nie, hoofsaaklik weens die strekking daarvan. Growwe uitdrukkings verskyn ook maar dié sou nog deurgelaat kon word as die werk as geheel van baie hoogstaande estetiese peil was en hulle tot die peil bygedra het. Maar die konsepsie van hierdie stuk is nie groots nie, en die behandeling daarvan is heel banaal - met uitsondering van enkele passate. Die strekking van die werkie is myns insiens eintlik minderwaardig en sou heel fyn en diep behandel moes word as dit deurgelaat sou kon word.

Keur af.

Get. A.H. Murray.

STRENG VERTROULIK.

Raad van Beheer oor Publikasies,

P.U. vir C.H.O.,

POTCHEFSTROOM.

9 Mei 1968.

Geagte Medelid,


Hiermee deel ek aan u mee wat die uitslag is van die stemming oor André Brink se MISKIEN NOOIT.

Die volgende lede het vir verbanning gestem: Proff. Scholtz, Murray en Endemann, en mnre. Van Wyk en Le Roux.

Vir deurlating het gestem: proff. Grové, Cloete en Harvey, mevr. Theron en mnr. Sutton.

Op my het dus die onbenydenswaardige taak gerus om die beslissende stem te gee. Nieteenstaande my literêre besware teen die boek en teen die gees daarvan, soos uiteengesit in my memorandum, is ek nie genoegsaam oortuig van die verbanbaarheid kragtens die wet en ook nie van die wenslikheid om te verban nie, sodat ek na rype oorweging my kruisie geteken het in die kolom vir deurlating.

Waar die saak seker heelwat bespreking en kritiek sal uitlok, wil ek al die lede versoek om hulle te onthou van enige kommentaar teenoor of mededeling aan buitestaanders oor wat, nadat die K.K. dit formeel bekragtig het, 'n beslissing van die Raad is. Wees asseblief veral op u hoede teenoor die pers.


.....
VOORSITTER.

Handwritten notes:
K. W. de la Rive
13
5
68

Brink gee aan sy jongste roman die newetitel „'n Somerspel". Dit moet wees „net 'n kroniek, 'n speelse testamentjie, 'n divertimento".

Die verhaalinhoud is uiters eenvoudig, om nie te sê yl nie: 'n 39-jarige Afrikaner beland ná 'n egskeiding wat hom „nogal onverwags betrap het", in Parys „om sy wonde te lek", „'n bietjie wankelmoedig teenoor die geloof, die hoop en veral die liefde". Die wonde lek bestaan blykbaar uit omgang met prostituées en herinneringe aan vorige amoureuse ondervindings. Daarom voel hy hom veral in Parys tuis. Hier val sy dwaalsieke oog op die 20-jarige blonde Skandinawiese meisie Gunhilde, wat gebreek het met die „konvensionele" lewensnorme en die geluk, waaraan sy nie glo nie, soek in volkome „vryheid" en in die omgang met ankerlose swerwers op die rivierwal en met gedepreveerde tipes in die donker hole van die Seine-stad. Sy stem toe om by hom in te trek maar op voorwaarde dat hulle verhouding platonies bly, wat ook gebeur nieteenstaande haar koel tergende intimiteit. Telkens duik sy onder in die duister naglewe van Parys en kom dan terug „ongeskonde, onaangeraak, met haar raaiselagtige oë en haar koel, koppige mond". 'n Enkele keer stem sy toe dat hy haar vergesel, ander kere soek hy haar, radeloos van bekommerdheid. Uiteindelik verdwyn sy uit sy lewe. Hy het ondertussen veneriese siekte opgedoen en sien daarom daarvan af om 'n verhouding te finaliseer met 'n toneelspeelster by wie hy met siniese geduld van 'n ervare verleier aanvoorwerk gedoen het.

Nieteenstaande sy opmerking: „tog wil ek onder geen omstandighede die verhaal swaartwigtig gaan „simboliseer" nie. Op stuk van sake bly dit 'n eenvoudige en onbenullige episode uit 'n lang somer - niks meer nie. Wie daar dieper lae in soek, gaan verdwaal. Daar is niks meer nie" (bl. 99), wil Brink die dimensie van universaliteit gee aan die soek na die onbereikbare, aan die verganklikheid van sinnegenot, aan die verhouding Man-Vrou wat die grondkonsepsie van die boek is.

Hy maak daarvoor gebruik van verskillende procédés. Ek noem:

1. Die omwerk van sy verhaal tot 'n filmdraaiboek. Dit gee hom die geleentheid om beurtelings op te tree as die „ek” van die verhaal en hom as „hy” van die „ek” te distansiëer; ook om n.a.v. die wysiginge wat hy aanbring by sy verwerking van die verhaal tot die film, allerlei bespieëlinge ten beste te gee i.v.m. sy bedoeling en tegniek. Hy kry sodoende ook die kans om sy strewe as skrywer te relativeer.

2. Tegelykertyd maak hy gebruik van 'n aantal steeds terugkerende simbole, só bewus dat dit 'n procédé genoem kan word. Ek noem enkele daarvan.

- (a) Hy laat sy film, terwyl die lys name van akteurs ens. vertoon word, daarmee begin dat die kamera „in die amper stikdonkerte van die Paryse riool-slote beweeg” in teenstelling tot die sonnige strate daarbo met hulle mondaine lewe (16). En as hy moeg gesoek is na Gunhilde, val dit hom by dat dit Donderdag is, die besoekdag aan die riool-slote, en gelate maak hy weer die tog (152).
- (b) Heeltemal aan die begin sien André „teen 'n muur, dis baie belangrik, 'n effens vertoingde kennisgewing van die uitstalling van Afrika-kuns in die Grand Palais, met die afbeelding van 'n eenoogmasker daarby”.

Hierdie motief keer telkens terug, met as variant die eenoog-Marokkaan, die verspreider van verdowingsmiddels in die huis met die rooi deur. Sy eerste kontak met Gunhilde kry André as hulle in die museum weerskante van 'n uitstalkas met die skrikwekkende masker beland - „dis 'n primitiewe wêreld dié, hier in die hart van die blasé en wyse wêreldstad; en amper teen wil en dank raak hierdie man en blonde meisie daarin betrokke”. (24) Dit word simbool van die angsaanjaend donkere, die demoniese. Brink wil dit ook simbool maak van die primitiewe Afrika waaraan André deel sou hê teenoor die primitief-Skandinawiese waaraan Gunhilde, met haar trolpoppie, deel het (57, 68, 72, 84). Teen die slot stap André verder, „terug na die Grand

Palais in die tentoonstelling waar alles begin het".
(173)

- (c) Die demoniese word ook verbeeld in die hoerhotelletjie met die Venus-beeldjie, die samekomste by die rivierwal, die hotel met die rooi deur, die nagtelike tog deur die sinist^rre agterbuurt met sy duiwelbesetheid, die dae en nagte van die „vernietigende fees" van die 14de Julie, die tot opsetlikheid beklemtoonde motief van die granaat, met sy suggestie van boosheid.
- (d) Teenoor dit alles, teenoor die orgieë staan die telkens terugkerende simbool van die Mozart-sonate deur onbedrewe kindervingers by die trapopgang gespeel, die motief van skuldbesef o.a. in die episode van die gevalle blom in die kafee.
- (e) Die „Voorspel tot die lang nag van 'n faun" is 'n liriese tussenspel, vol seksuele verlange en herinneringe, oor die verganklikheid van die lewe, van sinnegenot - dis die grondtoon van die hele slot„beweging".
- (f) Sisyphus die skilpad, wat, ingekraal op sy vensterbank bo die dakke van Parys rondtrap, is simbool van die nooit vervulde seksuele drang.

By die letterkundige beoordeling dring enkele vrae hulle dadelik op.

1. Is al die simboliese motiewe, afsonderlike tonele en stemmingsmomente geïntegreer tot 'n oortuigende eenheidskonsepsie?

Daar is vir my 'n vernietigende dualisme in die roman.

Aan die een kant is dit 'n amorele verheerliking van seksuele vryheid in al sy promiskuiteit en sonder enige sedelike belemmeringe. Daarteenoor is die boek, ten spyte van die outeur se vrees daarvoor (22), grenseloos sentimenteel in sy klag oor die verganklikheid, oor die onbereikbaarheid van die ideaal, steeds in terme van seksualiteit gesien, bv.: tristitia ante coitum teenoor die onbereikbaarheid van Gunhilde (78-9; 135), die sentimentele elegiëse „Voorspel tot die nag van 'n faun" en die slot.

Tussendeur koketteer die skrywer telkens met sy skuldgevoel en met bespieëling oor skuld en onskuld (vgl. o.a. bl. 111, die gevalle soos: 143-145; 171, 59; sy weemoed oor die gestorwe geliefde wat hy verraaï het, 144).

Let Wel: ons het hier nie te doen met die as feit aanvaarbare dualisme in 'n indringend-sielkundig, objektief getekende karakter nie maar met die dualisme, die onegtheid in die verbeelding van 'n lewenshouding deur die roman, die outeur.

Afsonderlik op sigself geneem is heelwat van die stemmingsmomente, die orgietonele, simboliese trekkies effektief. As geheel val die boek uitmekaar, doen dit aan as afsonderlikhede deur die outeur opgeteken om êrens te gebruik maar nie as voortspruitende uit 'n sentrale konsepsie nie.

„Ek wil nie die episodetjie se betekenis oorskat nie“, sê die skrywer n.a.v. 'n gedraginkie van Sisyphus (87). Mens vra jou af wat is nou eintlik die betekenis van die anekdote van die swart polisieersant wat katte geëet het (~~88~~⁹-89), van die kat wat by die Cluny-ruïne doodgery word (140), van die „gillende, pissende kat“ (80, 119)? Wat het daar tereg gekom van die riool-motief? En in plaas dat André en Gunhilde verteenwoordigers is van die primitiewe drifte van hartstog en geweld van resp. Afrika en Skandinawië, is André in werklikheid verwant aan die Romeine in hulle dekadensietyd en is hulle albei „soekers“ (waarna? - seer seker nie na verlore primitiewe krag nie!) in die sedelike verwildering van ons tyd soos geteken in Brink se siening van Parys, en voel mens geneig om saam te stem met sy klag: „Ag, dis maar 'n dekadente verhaal“ (98).

2. Het die filmiese procédé, die strewe na distansiëring deur deels speelse, deels ironiese bespieëling oor sy tegniek die verhaal 'n derde dimensie gegee?

Brink verras ons telkens met sy hantering van die kamera. Maar nóg hiermee, nóg met die gedurige kommentaar waartoe die vergelyking tussen sy verhaal en sy rolprent hom die geleentheid gee, nóg deur „die woorde en die speletjies en die self-

bewuste ritmes en herhalings", waarteen hy homself waarsku (100), nóg deur die distansiëring van die „ek" en die „hy", die speeltjie van outobiografiese trekkies en van „die invoer van Breyten Breytenbach en sy vrou Yolande skep hy in die roman die dieptedimensie wat hy beoog.

Ons staan hier voor die patetiese skouspel van 'n outeur wat sy onmiskenbare talent en stilistiese gewes verkwis aan 'n gewild-speelse, uiters gesofistikeerde roman sonder die dryfkrag en dus ook sonder die dieper sintese van 'n lewensbeskouing, lewenserns.

3. Bring die roman wat op die eerste oog so „nuut" en verwickeld mag lyk, werklik iets nuut, in Brink se kuns?

Hier word gespeel met motiewe uit sy vorige werk sonder verdere verdieping. Om slegs te noem: die skrywer erken self dat Gunhilde „lyk soos party van my ander meisies, Marié of Nicolette", maar hy benadruk dat sy tog heeltemal anders is (13). Die verhouding Gunhilde-André is, by alle verskil, in belangrike opsigte 'n herhaling van dié van Nicolette en die Ambassadeur. Gunhilde se lewensverset is 'n skrilte herhaling van die veel oortuigender opstandigheid van Kilian in DIE AMBASSADEUR - haar uiting daarvan (92-93) sou toepaslik geplaas kon gewees het onder die opskrif „Ersatz" bo 'n later afdeling (bl. 102) - dis opmerklik dat die outeur dit nie, soos in ander gevalle relatiewe deur 'n distansiërende opmerking nie. Vergelyk ook die telkens terugkerende Mozart-sonate met die melodietjie „Au Clair de lune" in DIE AMBASSADEUR; so ook die verhaal van Richard en Tania se liefdesverhouding en eintlik ook Sisyphus met dié van die oorbure van Nicolette.

Die filmromantegniek en die daarmee samehangende moontlikhede is nie Brink se eie vinding nie. Dis oorgeneem van oorsese skrywers.

Ek was opsetlik uitvoerig in my poging tot karakterisering en literêre oordeel, omdat dit die onmisbare agtergrond is waarteen die besware wat teen die roman ingebring is, beoordeel moet word.

Juis die feit dat die roman m.i. literêr misluk het en dat ek 'n afkeer het van die gees van die boek, maak dit besonder moeilik om tot 'n objektiewe oordeel te kom. Eerlik gesê: ek vind dat die klag teen MISKIEN NOOIT die Raad plaas voor die lastigste geval waarvoor hy nog te staan gekom het.

Die klagte wat ingebring word, kan onder 4 punte ingedeel word.

1. Die algemene strekking.
2. Die seksuele tonele.
3. Rassevermeninging op erotiese gebied.
4. Oneerbiedige toespeling op Bybeltekste.

Ek gaan op elkeen afsonderlik in:

1. Dis kenmerkend van Brink dat hy ook hier sy lewensgevoel gee in terme van seks. André mag sy relaas oor die soektog na die Meisie sentimenteel 'n soektog noem wat sy hart altyd sal bly onderneem na die onvindbare gelaat van sy gestorwe geliefde wat hy verrai het (44), hy vind ondertussen soveel troos by ander vroue dat hy veneriese siekte oploop, en dan is sy „filosofie”: „My besmetting is kortstondig; dit word maklik genees; oor ses dae is dit weer verby. Dis die twintigste eeu, waarin alles genees word en die absolute vir goed uitgedien is.

Ek weet: ek sal weer genees; en dalk weer besmet word, en weer genees, soos seisoene op mekaar volg. Maar uiteindelik ontkom niks; uiteindelik is alles met die dood besmet." (177)

Ondertussen bly die faun lewe in die verlange na:

„Telkens die mnemoniese gleuf in die klein heilige woud
onthou onthou".

MISKIEN NOOIT is 'n amorele boek.

2. Die skrywer is oor seksuele sake, dié deurlopende motief van die boek, só openhartig as seker nog geen Afrikaanse skrywer was nie. Dis seker nie nodig om voorbeelde aan te haal nie - hulle kom op byna elke bladsy voor.

Ek moet egter in hierdie verband op enkele dinge wys.

Sy opmerking op bl. 13 moet ironies opgevat word, as satire op heelwat moderne prosa wat deur middel van seksprikkeling lesers probeer trek: „uit 'n tegniese standpunt is dit goed om taamlik vroeg in die boek so'n tikkie sensualiteit te laat inglip: dan raak die leser op een of ander manier meer onmiddellik „betrokke" - en natuurlik dan verkoop dit ook beter.”

Die meeste en ergste gevalle van openlike en meestal siniese behandeling van die seksmotief is nie werklike tonele nie maar bespieëlings of beskrywings in retrospeksie (vgl. bv. 13, 14-15, 56, 134).

Die heel intieme werklike tonele tussen Gunhilde en André (51-53; 89, 97) mag op die eerste oog ontstel, by rustige herlesing is hulle nie prikkelend nie, selfs nogal gevoelig geskryf. Kruhede soos op bl. 24, 126, 127 moet mens aanvaar as funksioneel

Die agtiende-eeuse Fransman Joubert sê in een van sy sillogismes: „Le talent a-t-il donc besoin de passions? Oui de beaucoup de passions réprimées”. (Het die talent hartstogte nodig? Ja, baie, beteelde hartstogte.)

Literêr is my beswaar teen MISKIEN NOOIT dat hier nie beteelde hartstog aan die woord is nie. Die skrywer was eerder daarop uit om 'n demonstrasie te gee van die reg wat die kunsteenaar het om hartstog uit te beeld. En die resultaat is net so power as die van Busken Huet in sy roman LIDEWYDE. Dit het 'n bloedlose, hartoglose boek gebly met bloedlose mense - Gunhilde is 'n skim.

Ek kan nie glo dat hierdie demonstrasieroman vol bravoure maar nie pornografies van strekking nie, op die gesofistikeerde leser vir wie dit bedoel is, die waarskynlike leser, 'n skadelike

invloed sal hê nie -- wel sal daardie leser hom vererg oor die onegtheid.

Die ongesofistikeerde leser sal dit nie lees nie, dit moontlik deurblaai op soek na die seksgedeeltes waarvan hy gehoor het.

3. Verskillende kere (ook hier weer bravoure!) beleef André herinneringe aan intieme omgang met gekleurde (Oosterse, Wes-Indiese)vroue (37; 54; 64; 146). Let wel: hoewel ook hier opsetlikheid in die spel is, het dit in die vreemde plaasgevind en is dit nie 'n direkte pleidooi vir rassevermenging in ons land nie.

Daar is etlike steurende verwysings na die Bybel. Die ergste lyk op die eerste oog dié op bl. 37. Mireille van Martinique sê „een nag in die stilte, anderkant die liefde van die lyf": „Mooi: dis alles wat begin". André se reaksie hierop is:

„In die begin was die Woord?

Nee. In die begin was net die begin. In die begin was man en vrou. En toe het die woord gekom en alles bederf".

Hierdie soort woordspeling n.a.v. een van die diepsinnigste en mees fundamentele tekste in die Bybel staan hier taamlik verbandloos en sal by baie ergernis verwek. Regverdigheidshalwe moet ek egter daarop wys dat „woord" die tweede keer met 'n klein letter gebruik is in die betekenis van menslike instellings of wette.

Op bl. 110 word van die Faun vertel: „hy 't gesien hoe pare uit tuine verdryf word, Eden of Hyde Park, die Luxembourg-tuin in die skemer, die Tuine". Dit val kultuurhistories net so buite sy sfeer as die beeld „blare teen die son gekruisig soos Christus in die swoel-sensuele verband op bl. 112.

Op bl. 132 is 'n toespeling op die Woorde van die skeppingsverhaal: „Dit was dan die aand en die môre, die eerste dag van die vernietigende fees".

Godslasterlik sou ek hierdie gevalle nie noem nie, wel ligsinnige demonstrasie van die reg van heel vrye integrering van bekende woorde, wendinge en beelde uit die Bybel in sy denke en styl wat Brink vir die skrywer opeis om sy lewensgevoel te verbeeld selfs waar dit in radikale teenstelling staan tot die gees van die Skrif. Dit pretendeer eintlik om 'n ander interpretasie te wees. Ook in sy vorige werk kom dit telkens voor. Vir die Skrifgelowige doen dit dikwels as oneerbiedig aan.

SLOTSOM.

Ek moet beken dat ek dit baie moeilik vind om tot 'n finale besluit te kom. Ek voel baie huiwerig vir verbanning. Terselfdertyd erken ek die groot besware teen die boek. Daarom gaan ek my in hierdie stadium bepaal tot 'n opsomming van die voor en teë van albei standpunte. Dit kan miskien van nut wees by ons bespreking. Natuurlik is geen een van die volgende punte op sigself alleen deurslaggewend nie.

1. Die boek is in al sy vrygevochtenheid nie pornografies nie.
2. Vir die gesofistikeerde leser vir wie dit bedoel is, sal dit nie skadelik wees nie. Wel sal dit deur sy amorele strekking en as mislukte demonstrasieroman ergernis verwek, maar dié tipe leser kan dit „staan“.
3. Verbanning nadat dit byna 'n jaar lank vryelik versprei is maar weinig aandag getrek en hoofsaaklik afkeurende literêre kritiek ontvang het, sal dit 'n ongewenste publisiteit verskaf en juis die onwaarskynlike leser daarna laat gryp.
4. Verbanning sal waarskynlik deur die skrywer verwelkom word as bewys dat sy demonstrasie geslaag het. Doodswyg kan in so'n geval die effektiëfste antwoord wees.
5. Hoe ongeslaag ook, die outeur trag hier om nuwe struktuur-middele in die Afrikaanse roman in te voer, al is dit nie eie vinding nie.
6. Verbanning sal ongetwyfeld hewige en georganiseerde reaksie van skrywers en kunstenaars uitlok, die felle verwyd dat die Raad nuwe lewe, die skeppende verbeelding wil smoor. Hulle loer lankal op so'n kans maar kan tot nog toe geen vatkans kry nie.

7. Ook dit kan nie die deurslag gee nie, maar maak tog dat ons ons baie goed rekenskap moet gee voor ons besluit: Verban-^{ing} ning sal ongetwyfeld tot 'n appélsaak lei, waarby die appelan kan staat maak op die morele en finansiële steun van die meeste skrywers en kunstenaars. Dis 'n kans wat hulle sou verwelkom. Ons moet dus oortuig wees dat hierdie werkie van genoegsame belang en 'n voldoende duidelike geval is om 'n toets aan te durf waarvan die uitslag van vërreikende betekenis sal wees. Vir diegene wat nie twyfel aan die noodsaaklikheid van verbanning nie, sal so 'n toets natuurlik net so welkom wees.
8. Die spil waar vir my alles om draai, is: wie is die waarskynlike lesers. Ek het my mening hieroor uitgespreek, maar dis natuurlik 'n subjektiewe oordeel. As die leserskring veel wyer strek, sal die gronde vir verbanning weens skadelikheid en aanstootlikheid veel dwingender wees. Ons sal egter nie kan verban alleen omdat daar altyd die moontlikheid bestaan dat die boek in die hande van 'n geestelik onvolwassene sou kon val nie.- dan sou daar maar bitter min publikasies deurgelaat kan word. Dat die roman in ons skole ingevoer sal word is vir my 'n onverantwoordelike bewering en getuig nie van vertroue in ons onderwys nie. Kritiese studie daarvan onder goeie leiding kan senior studente ten goede kom.
9. Daar is hierdie belangrike prinsipiële vraag: kan dinge wat in 'n kunswerk nie as aanstootlik of skadelik beskou word nie omdat hulle funksioneel is vir die aanvaarbare strekking, nog aanvaarbaar bly as hulle in 'n mislukte werk skeef getrek is, 'n speel word met vuur?
10. Ek het gewys op die te verwagte reaksie as die boek verban word. Ook deurlating sal heelwat opskudding verwek.

G. DEKKER

.....

POTCHEFSTROOM.

2 April 1968.

2. BESONDERHEDE VAN DIE PUBLIKASIE ~~XXXXXXXXXXXX~~ EN
TEN OPSIGTE WAARVAN HIERDIE VERKLARING UITGEREIK
IS EN DIE BEVINDING VAN DIE RAAD TEN OPSIGTE DAAR-
VAN.

(i) Naam en/of be- skrywing van die publikasie of voorwerp	(ii) Skrywer of voort- bringer	(iii) Bevinding
MISKIEN NOOIT	André P. Brink	NIE ONGEWENS NIE.

3. VOLGNOMMER EN DATUM VAN AANSOEK:
 U 3/3 gedateer 2.2.1968.
